

# Ontmoeting 36

# Die skeuring van die ryk Wie se raad volg jy?

Teks: 1 Konings 12: 1-19

Hulpmiddels:

- Viltbord met die karakters van die verhaal.
- Koerante
- Eier en twee bakkies om die eier in te skei
- Fleksdraad
- Tak met bas om
- “Top deck”-sjokolade
- “Liquorice all sorts”
- Papier, kryte, kleeflint
- Wol of rekkies
- Kopieë van die lys van konings. Plakkers om glimlag- of treurige gesiggies te teken
- Kaart van Israel op karton gekopieer



## WELKOM

Laat hulle die Hebreërs 13:5-liedjie sing waar almal hande vashou. Gebruik die video op ons webwerf om die liedjie en bewegings aan te leer.

**Tiekiedraai**

Laat die kinders rondomtalie draai deur twee-twee hande vas te hou en terug te lê met hulle voete naby mekaar.

Vra vir die kinders of hulle dit sou kon doen as hulle die ander persoon se hande gelos het.

**Onregverdige geveg**

Kies 12 kinders uit om 'n eenvoudige speletjie te speel soos koerantpapieroorlog. (Gee vir elke groep 'n paar ou koerante. Hulle frommel dit in koerantpapierballe waarmee hulle mekaar kan gooi.) Die speletjie het 'n vangplek: Jy kies eers 'n kaptein vir elke span. Hulle begin om uit die oorblywende 10 kinders hulle spanne te kies. Sodra elkeen een gekies het, stuur jy die oorblywende 8 almal na een span. Daar is nou 2 in die een span en 10 in die ander span. Laat hulle dié onregverdige speletjie vir 'n tydjie speel. Sê vir hulle hulle sal later in die Bybelstorie agterkom waarom hulle so opgedeel was. (Onthou, die speletjie eindig waar jy die reëls omdraai en kyk wie se kant die meeste papier in 'n mandjie het. So is jou plek weer skoon.)



## WYDING

**Temaliedere:** My God is so big and so strong and so mighty – Go Fish

Die Here is my Herder (soos by ontmoeting 31)

**Stilword-ritueel uit Psalm 23:**

Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



## WOORD

Doen die volgende aktiwiteite.

- Skei 'n eier (wit en geel in aparte bakkies).
- Trek 'n dun fleksdraad uitmekaar. (Begin dit net effens lossny, dan kan jy dit maklik lostrek.)
- Trek 'n stuk bas van 'n tak af.
- Skei die wit en bruin sjokolade van 'n “Top deck”. (Gebruik 'n mes.)
- Haal 'n laag van 'n “Liquorice all sort”-blokkie af.

Wat het met hierdie 5 goed gebeur? Iets is van iets geskei en die moeilikheid is jy dit nie weer kan saamvoeg nie! So wat leer ons hierdeur? Dis baie

makliker om iets te skei as wat dit is om iets saam te voeg.

1 Konings 11:26 tot 12:19: (Vertel die verhaal met behulp van 'n viltbord.)

Jerobeam het eers vir koning Salomo gewerk. Hy het teen die koning in opstand gekom. Die probleme het begin toe Salomo bouwerk in die Dawidstad gedoen het. Jerobeam was 'n sterk man en Salomo het hom raakgesien. Hy het Jerobeam aangestel as toesighouer oor die bouwerk wat die mense uit die Josefstam moes doen. Juis in dié tyd was Jerobeam eendag op pad uit Jerusalem. Die profeet Agija het hom langs die pad gekry. Hy het 'n splinternuwe mantel aangedad. Dit was net hulle twee in die veld. Skielik het Agija sy nuwe mantel gevat en in 12 stukke geskeur. Hy het vir Jerobeam gesê hy moet 10 stukke vat, want die Here gaan die koningskap van Salomo afskeur. Hy het opgehou om die Here alleen te dien en hy het begin om ander afgode te dien. Die Here gaan vir Jerobeam 10 stamme gee. Ter wille van Dawid sal een stam en die stad Jerusalem onder Dawid se nageslag se beheer bly.

Toe Salomo daarvan hoor, wou hy vir Jerobeam doodmaak. Jerobeam het na Egipte gevlug en daar bly woon tot Salomo dood was.

Salomo se seun Rehabeam het in sy plek koning geword. Al die mense van Israel het in Sigem bymekaar gekom om hom koning te maak.

Jerobeam se vriende het hom in Egipte gaan roep. Hy het die Israëliete gelei om met Rehabeam te gaan praat.

Hulle het vir Rehabeam gesê: "Jou pa het ons die lewe vir ons baie moeilik gemaak en ons hard laat werk. As jy die las vir ons ligter maak, sal ons graag wil hê jy moet ons koning wees."

Rehabeam het gesê hulle moet oor drie dae terugkom sodat hy eers kan dink oor hul versoek. Hy het die raadgewers wat vir sy pa gewerk het gevra wat hulle daarvan dink. Hulle het gesê as hy na die mense luister, sal hulle hom altyd as koning aanvaar.

Hy was nie tevrede nie en gaan vra toe sy jong vriende wat hulle dink. Hy het hul raad gevolg en drie dae later vir die volk gesê: "Julle vra dat ek my pa se las op julle ligter moet maak. Ek sal nie. Ek is baie sterker as my pa. Ek sal julle nog harder laat werk. Ek sal julle nog swaarder straf as julle nie hard genoeg werk nie."

Toe die Israëliete sy antwoord hoor, was hulle woedend. Hulle het na hul huise toe terug gegaan.

Rehabeam het toe net koning geword oor die mense wat in Juda gewoon het. Hy het een van die leiers wat by hom was, na Israel toe gestuur om te kyk wat hy kan reël. Die Israëliete het hom met klippe doodgegooi en Rehabeam het self het dit net-net reggekry om weg te kom. Hy het vinnig na Jerusalem gevlug. Dit is hoe Israel weggebreek het van Dawid se familie af.

Die 12 stamme van Jakob is geskei deur 'n baie dom besluit. Koning Rehabeam het twee dom besluite geneem. Een was dat hy gekies het om na die raad van onervare jongmense te luister eerder as die raad van die ervare mense wat ook Koning Salomo se raadgewers was. Die tweede fout wat hy gemaak het, was om te dink dat hy 'n belangriker en groter koning as sy pa sou wees. In die proses het hy sleg tweede gekom. Die mense het in opstand gekom en net twee van die stamme het by hom gebly. Die ander 10 stamme het Jerobeam as koning gevolg.

Die twaalf stamme was: Ruben, Simeon, Juda, Dan, Naftali, Gad, Aser, Issaskar, Sebulon, Benjamin en die nageslag van Josef se twee seuns, Manasse en Efraim. Levi se afstammelinge het nie grond gekry nie, want hulle was aan die tempeldiens gewy. Net Juda en Benjamin het by Rehabeam gebly.

Die 10 stamme het bekend gestaan as die Noordryk of die Israëliete en die 2 stamme was die Suidryk of Juda. Hulle is later die Jode genoem. In Jesus se tyd was hierdie twee stamme steeds nie goeie vriende nie. Juda se heiligdom was Jerusalem en Israel se heiligdom was Samaria. In Jesus se tyd het die Jode en die Samaritane niks van mekaar gehou nie. Dis so hartseer dat 'n dom besluit van een koning meer as 900 jaar later nog steeds vyandskap tussen mense veroorsaak het.

**Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:**

1. Ek wonder of mense vandag nog so hardkoppig en dom is.
2. Ek wonder wat kan die seerkry en hartseer wegneem van mense wat skei.
3. Ek wonder wie kan mense wat vyande geword het, weer saambring.



## WERSKAF

- ◆ Plaas stukkie van die fleksdraad met kleeflint in 'n bakkie en daag die kinders uit om dit weer aanmekaar vas te maak.
- ◆ Gee papier en kryte en laat hulle op twee papiere iets teken wat verwyderd is van mekaar. Gee ook kleeflint om die twee stukke papier aanmekaar vas te plak.
- ◆ Gee verskillende stukkie wol of rekkies wat hulle kan vleg tot een tou.
- ◆ Kopieer die lysie van die konings van die oorspronklike en die verdeelde ryk. Die kinders plak 'n plakker langs elke naam en teken 'n glimlag of treurige gesiggie op elkeen, afhangende of die koning aan God gehoorsaam was of nie. (Net Asa, Josafat, Joas, Amasia, Ussia, Jotam, Hiskia en Josia van die verdeelde ryk was gehoorsaam.)
- ◆ Knip die kaart van die groter Israel op in stukke en laat hulle die "legkaart" weer bou.


### Gebedstyd



Sit julle hande met palms teenmekaar.

Here, soos my hande twee is, maar mekaar kan vashou, vra ek dat U asseblief sal help dat almal wat vir mekaar kwaad is, vrede sal maak en goed saam sal leef. Amen.

Sluit af met die seënbede.



Hier is 'n lys van al die konings van die oorspronklike en die verdeelde ryke. Teken 'n hartseer gesiggie of vrolike gesiggie by elke koning om aan te dui of die koning aan God gehoorsaam was of nie:

KONINGS	
Saul	
Dawid	
Salomo	
Die ryk verdeel:	
JUDA	ISRAEL
Rehabeam	Jerobeam
Abia	Nadab
Asa	Baesa
Josafat	Ela
Joram	Simri
Ahasia	Tibna
Atalia	Omri
Joas	Agab
Amasia	Ahasia
Ussia	Joram
Jotam	Jehu
Agas	Joahas
Hiskia	Joas
Manassa	Jerobeam II
Amon	Sagaria
Josia	Sallum
Joahas	Menahem
Jojakim	Pekahia
Jojagin	Peka
Sedekia	Hosea